

## Nessies van klip en webgordyne met klip ...ietsie oor klipnes-spinnekoppe

Wie sou kon dink, dat spinnekoppe regtig in staat is, om “kliphuisies” te bou?! Hierdie kliphuisies laat ‘n mens dink aan ‘n Eskimo-igloe. Die koepelagtige ronde huisie word teen klip vasgeplak. Binne-in is dit uitgevoer met spinnekopsy. Aan die bokant is ‘n ingangsgaatjie. Die klipnessie dien as skuilplek vir die ma-spinnekop en die eiertjies word daar gelê en in ‘n kokon toegespin. Ek kon nie agterkom, of die mannetjies ook ‘n igloe-skuiling het of nie.



Interessant is ook, dat op dieselfde klip met klipigloes wespenessies voorkom wat van buite amper

↳ so lyk, net groter en langwerpiger is, omdat hulle uit meer as een sel of kamertjies bestaan en hulle is hard; dis onmoontlik om dit tussen die vingers stukkend te druk.

Verder was daar ook ‘n spinnekop-igloe met ‘n leë papiedop → daarin. Aangesien daar baie wespe is wat op spinnekoppe parasiteer, is die waarskynlikheid groot, dat dit ‘n wespe se papiedop kan wees. Dus is dit moontlik, dat daar twee

verskillende wespe-spesies naby hierdie klipnes-*Diores* bly, naamlik die ene wat sy nes messel en met klein klippies vermom en die een wat sy eier in die spinnekopnes of op die spinnekop self lê en sodoende op die spinnekop parasiteer.

Dit is geïdentifiseer as *Diores namibia* Jocqué, 1990, en behoort aan die familie Zodariidae. Sy liggaamslengte is ongeveer 1 cm, dis nagaktief, voed waarskynlik op termiete en/of miere, en skuil bedags in die klipigloe. Ek het hulle naby Kamanjab (noordweste van Namibië) aan die voet van granietkoppe teen groot klippe van 30 cm tot 1 m hoog bokant die grondoppervlak gekry. Soms is daar sommer ‘n paar kliphuisies langs mekaar. Van die boustene van die kliphuisies is amper so groot soos die spinnekop self. Kan ons ‘n klip optel wat so groot is soos onself???







Van 'n heel ander aard is die spinnekoppe in die familie Hersiliidae. Hulle spin gordyne bestaande uit systringe, waarin groterige sand- of modderkorrels en droë plantmateriaal (indien beskikbaar) ingewerk is. Die hele web bestaan uit talle stringe wat van bo aan die onderkant van 'n klip, houtstomp wat nie plat op die grond lê nie of in 'n grotagtige holte in die harde rivierbank ahang. Die stringe is in menigte rye agtermekaar aangebring, dus het die "gordyn" diepte (is nie plat nie) en die spinnekop kan tussen die stringe skuil.



↳ So lyk die bewoner van die klip-plant-en-veertjies-gordyn (daar was ook veertjies in een gordyn. By die grondam was die gordyn slegs van modderbolletjies en spinnekopsy gemaak).

Hierdie mooi spinnekop van die familie Hersiliidae behoort aan die genus *Tyrotama*.

Nog'n spesie uit die familie Hersiliidae bly ook onder groterige klippe, maar die spinnekop self en die web lyk anders. →

Hier sit die wyfie langs haar klipwebkonstruksie, wat in 'n ringvorm teen die klip lê, as die klip opgetel word, (hoe dit lyk as dit van die klip na onder ahang, weet ek nie). Op die kant van die groot klip 'n entjie van die web het ek 'n eierkokon gekry wat lyk soos 'n "klipeiertjie"; moontlik is dit hierdie spinnekop se eierkokon.



Inligtingsbronne: Ansie Dippenaar-Schoeman (Baie dankie!), GOGGAgids (Ansie Dippenaar-Schoeman, Erik Holm)

Teks en foto's: Anka Eichhoff

(September 2018) bygewerk Maart 2022